



# Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour

WEEK 49 Deel 110

VRYDAG - 13 DESEMBER 2019

www.heilbronherald.co.za

R5-00 (BTW ingesluit)

## Maak seker jou saad en kunsmis is veilig

Met die goeie reën van die afgelope week het die diefstal van saad en kunsmis opnuut weer kop uitgesteek. Landbouers moet seker maak hul store is genoegsaam beveilig, omdat misdadigers nou plase teiken waar saad en kunsmis gestoor word. Volgens Vrystaat Landbou (VL) se inligting is daar reeds groot hoeveelhede saad in die omgewing van Bothaville, Ventersburg en Marquard gesteel.

"In een geval in Desember is werkers vasgebind en van nagenoeg 360 sakkies saad beroof," sê dr Jane Buys, veiligheidsrisiko-analis van VL. Volgens haar moet landbouers hul store beveilig deur moontlik " 'n alarm en/of kamerastelsel in plek te kry, sodat beweging vroegetydig deurgestuur en opgetel kan word".

Landbouers word ook versoek om enige inligting oor moontlike verdagte voertuie en mense aan hul Veiligheidsvertegenwoordigers deur te gee sodat dit aan VL se Veiligheidslessenaar oorgedra en misdaad bekamp kan word.

Buys sê dit blyk of die diefstal meestal plaasvind in die nag en dat voertuie, bakkies of trokke betrokke is.

## Kers terug in Kersfees?

Met moontlike fase 8 beurtkrag nou onder almal se aandag, word die land gevra om kragverbruik te verminder. Fase 8 beteken dat 50% van 'n dag se elektrisiteit afgesny gaan wees. Heilbron-inwoners was Maandag en Dinsdag verder geraak nadat die hooftoevoer onderbreek is en die dorp tot 45 minute langer as nodig, sonder krag gelaat is. Die hoofrede vir die kragonderbreking is as gevolg van steenkool wat onbruikbaar is nadat dit natgereën het. Die goeie nuus vir verbruikers is egter dat daar tussen 17 Desember en 13 Januarie geen beurtkrag sal wees nie.

President Cyril Ramaphosa het in 'n nuuskonferensie ook gesê dat geen verloff aan Eskom Uitvoerende-beamptes en sleutelbestuurders oor die feesgely toegegaan gaan word nie. Daar word 'n beroep gedoen aan elke inwoner om bedag te wees tydens beurtkrag aangesien Desember se diefstal statistiek gewoonlik styg. Maak seker voorsorg is getref vir die Kerstyd wat voorlê en jou familie en jou huis die nodige beveiliging het.

Skakel aan jou kersliggies en geniet 2019 se Christussees saam met jou vriende en familie.



**Aan al ons getroue lesers, 'n baie Geseënde Christussees. Mag die Kerstyd gevul wees met vreugde saam met u familie. Dankie vir u volgehoue ondersteuning deur die jaar en wees verseker van ons kwaliteit-diens. Waar u met vakansie gaan, reis veilig en geniet u vakansie. Die fabriek sluit vandag en die winkel sluit volgende week 19 Desember. Die fabriek open DV 8 Januarie 2020 en die winkel open 6 Januarie 2020.**

*Dankie vir nog 'n jaar se vriendskap en vennootskap. Wees verseker dat ons deur 2020 se opdraendes en afdraendes, van plaaspad tot teerpad, kronkelpad tot oprit, jou op jou reis tot sukses sal vergesel.*



wens u 'n geseënde en vredevolle feestyd toe.

Ons bede is dat u die genade en vrede

van ons HERE JESUS op 'n besondere wyse sal ervaar.

*geseënde feestyd*

## Bible Seminar

### A Daniel and Revelation Seminar

Marge Mouton  
Cell: 072 543 6075

Desember 16 - 22

Heilbron

Corner of Paradys and Steil Str

18:00

Why is there evil?

Is God in control?

Who is the Antichrist?

What is the mark of the beast?

FRANKFORT VEILING

## FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

### Elke Donderdag

### te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:  
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louw en Boshoff

Waar sal u elke keer die EERSTE keer  
REG gemaak word!

AFSLAERS: Phosbus 20 Frankfort 083 210 7135  
Tel: 083 210 7135  
E-pos: frankfort@bklouwid.co.za  
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:  
Piet Boshoff 083 210 7135

www.bkb.co.za

